UILKRAAL SE NUUSTAK

UITGAWE NR. 11
DESEMBER 2010 / JANUARIE 2011

Welkom in Uilkraal!!

Jaarverslag – Voorsitter van Uilenkraalsmond kampvereniging

Goeie dag almal

Dit is weer daardie tyd van die jaar waarna ons almal uitsien en dit is om op Uilenkraalsmond die pas so 'n bietjie stadiger of ten minste dan anders te maak as die normaal.
Ek moet vir u as lede van Uilenkraalsmond Kampvereniginging 'n Jaarverslag aanbied en glo my ek weet nie waar om te begin nie – dit het maar geneuk hierdie jaar en soos ek nou hierdie verslag skryf is daar alweer 'n volgende hofsaak wat voorlê en dit kan die verloop van sake soos dit tans voorsien word, baie drasties verander.
Aan die een kant is ek baie bly en dankbaar om te rapporteer dat die "performance" van die Kampvereniging se Bestuurskomitee, sover dit my aanbetref, die beste ooit was. Die Bestuur was vanjaar en is nog steeds gekonfronteer met onstabiliteit by die ODM waar amptenare wat baie graag wil saamwerk deur omstandighede buite hulle beheer gedwing word om te multifokus – tot nadeel van dienslewering.
Daar het by verskeie kere ernstige gesprekke met mekaar en met ander partye plaasgevind ten einde te verseker dat die mense van Uilenkraalsmond nie benadeel word nie en ook om goeie verhoudinge wat in die verlede baie seergekry het, weer te vestig.
Aan die anderkant is dit 'n werklike teleurstelling dat as gevolg van verskeie redes, dit nie vir die Bestuur moontlik was om die al doelwitte te haal wat ons vir onsself gestel het nie – ten minste nie binne die tydskale waarin ons dit in plek wou gehad het nie.

In kort – die doelwitte was as volg:

Om te alle tye die stem van redelikheid te wees.
Hier is ons beslis heeltemal suksesvol.
Die Bestuur van die Kampvereniging eis nie namens die mense van Uilenkraalsmond enigiets van iemand wat as onredelik geag kan word nie.
Dit wat ons vra, glo ons, is binne ons redelike reg. Ons verwag dat die mense van Uilenkraalsmond met dieselfde respek *(Vervolg op Bl. 2)*